# KINDEKERK LES – Bekering

**Doel van les:**

Ons gesels in hierdie les oor bekering, wat dit beteken en hoe ek my hartjie vir Jesus kan gee.

**Sê:** Vandag gaan ons leer van 'n man met 'n baie snaakse naam. Mense het nie baie van hom gehou nie, maar toe ontmoet hy vir Jesus, hy het tot bekering gekom en sy hele lewe het verander. Deur sy storie gaan ons leer wat ons volgende moeilike woord is: bekering.

**Saggeus in die boom.**

In die dorp Jerigo het daar 'n ryk man met die naam Saggeus gebly. Niemand het van hom gehou nie, want hy het belasting ingesamel vir die Romeinse regering. Die mense wat belasting ingesamel het, het gewoonlik ook te veel geld van die mense gevra sodat hulle van die geld vir hulleself kon hou. Maatjies, wat dit beteken is dat hulle gesteel het van die mense.

Eendag het Saggeus gehoor dat Jesus op pad na Jerigo was. Hy wou Jesus baie graag sien, maar hy was baie kort en sou nie oor die mense wat altyd om Jesus saamdrom se koppe kon sien nie. Toe kry hy 'n blink plan! Hy hardloop vooruit en gaan klim in 'n wildevyeboom langs die pad. Nou sou hy Jesus kon sien wanneer Hy daar verbykom. **(Kom ons maak asof ons 'n boom klim).**

Nie lank nie, of Saggeus sien 'n klomp mense nader kom in die pad. En toe sien hy vir Jesus! Toe die mense by die boom kom, het Jesus gaan stilstaan en opgekyk na Saggeus daar in die boom.

"Saggeus," het Jesus gesê. "Klim af daar. Ek wil vandag by jou kom bly." Die verbaasde Saggeus het afgeklim met 'n blye hart. Jesus gaan na sy huis toe kom! **(Kom ons maak asof ons so bly en opgewonde soos Saggeus is en by die boom afklim).**

Terwyl Jesus met Saggeus gepraat het, het daar iets met hom gebeur. Hy het begin sleg voel dat hy so van mense gesteel het. Jesus het sy hart verander, en nou wou hy net goed doen. Hy belowe toe dat hy die helfte van alles wat hy het, vir arm mense sal gee. En as hy vir iemand te veel belasting laat betaal het, sou hy vir hom vier keer soveel teruggee.

Dit het Jesus baie gelukkig gemaak want Hy kon sien dat Saggeus se lewe nou gaan verander. Toe sê Jesus vir hom: "Jy was verlore, maar Ek het juis gekom om mense te soek en te red wat verlore is."

Geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl204-205, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

**Aktiwiteit 1: Ek is jammer speletjie:** Laat die kinders opstaan en in 'n ry staan. Gee vir elke kind 'n boek. Die kind moet vooroor leun en die boek op sy/haar rug balanseer. (Leiers gaan moet help met dit.) Laat die voorste kind so gebukkend tot by jou loop. Indien die boek afval, moet die kind die boek weer op sy/haar rug sit en aanhou na jou toe loop. Wanneer die kind by jou kom, moet die kind "Ek is jammer" sê. Jy neem dan die boek van die kind se rug af

en die kind kan dan terughardloop na die groep. Die speletjie gaan so aan totdat al die kinders hulle boeke na jou gebring het.

**Sê:** Weet julle dat voordat ons ons hartjies vir Jesus gee, begin die Heilige Gees met ons te werk. Hy wys ons dat ons verkeerde dinge doen en Jesus nodig het om ons harte skoon te was. Ons begin sleg en jammer te voel oor die sonde wat ons doen. Net soos Saggeus sleg en jammer gevoel het omdat hy gesteel het. Hy wou nie meer verkeerde dinge doen nie.

**Aktiwiteit 2: Bekeer speletjie:** Begin met een speler wat alleen teen die een muur staan waarop jy 'n blaai geplak het met die woorde "verkeerde pad". Die ander spelers haak by mekaar in en staan aan die ander kant van die vertrek/teenoorgestelde kant, met 'n blaai waarop geskryf is "regte pad" teen daardie muur geplak.

Hoe om die speletjie te speel: Wanneer jy "begin" roep, moet die kinders wat ingehaak is saam na die verkeerde pad se kant loop, totdat jy "bekeer julle" roep. Die kinders moet nou uithaak by mekaar, omdraai en terughardloop na die regte pad. Die kind wat alleen aan die verkeerde pad se kant staan, mag nou hardloop en probeer om kinders te "touch". Die kinders wat "getouch" is, moet nou by die oorspronklike kind aan die verkeerde pad se kant gaan staan. Die speletjie kan so aangaan totdat net een kind oorbly.

**Sê:** Wanneer ons kies om ons hartjies vir Jesus te gee, draai/keer ons ons rug op die verkeerde pad. Ons kies nou om God se pad te stap en te lewe soos Hy wil hê ons moet. Saggeus het sy rug gekeer op die verkeerde pad en gekies om Jesus te volg. Hy het tot bekering gekom.

**Aktiwiteit 3: 'n Hart wat vergewe:** Gee vir elke kind 'n hartjie en kruisie wat uitgesny is. Hulle moet die kruisie in die middel van die hartjie vasplak en kan dan die hartjie en kruisie inkleur.

**Sê:** Wanneer ons vir God jammer sê, kan ons weet dat Hy ons sal vergewe. Onthou net dat ons dan nie weer aspris verkeerde dinge moet doen nie. Ons moet ons rug op die verkeerde dinge draai en leef soos God wil hê ons moet.

**Kom ons gesels gou weer oor bekering:**

**Ons gaan deur bewegings net weer onthou wat bekering is.**

1. Luister na die Heilige Gees – Hy wys ons dat ons verkeerde dinge doen en Jesus nodig het. (Hou jou regterhand by jou oor asof jy luister)
2. Sê jy is jammer (Hou jou wysvingers by jou mond)
3. Vra om vergewe te word (Hou jou twee hande bymekaar asof jy asseblief sê)
4. Draai jou rug op die verkeerde pad (Draai om)
5. Gaan en leef vir Jesus (Fist bump in die lug op)

Groepe sluit af met gebed.



